Leerlinge reik uit na slagoffers

Bloemnuus p.8
25/5/2012

AS deel van die lewensoriënteringleerplan het drie gr. 12-leerlinge van die Hoërskool Jim Fouché, Paul Bester, Anton Taute en Markus Vorster, besluit om na die Nasionale Distrikshospitaal se Tshepong Thu Thuzela-eenheid vir die mediese behandeling en berading van verkragtingslagoffers in die Mangaung-distrik uit te reik.

As deel van die uitreik-aksie het hulle pakkies, wat skoon onderklere, 'n waslap, 'n sepie, lekkergoed en 'n speelding bevat het, opgemaak wat aan die verkragtingslagoffers uitgedeel kan word wanneer hulle in die hospitaal opgeneem word.

"Ons hoop dat die pakkies verligting aan die slagoffers sal bied, hoe tydelik dit ook mag wees," het hulle vertel.

Dr. Adri Kriege, 'n mediese beampte van die eenheid, het ook die leerlinge meer van die eenheid vertel en van die skokkende statistieke aangaande verkragting en seksuele teistering in Suid-Afrika en die Vrystaat met die leerlinge gedeel.

Omdat seksuele misdade 'n uiters kommerwekkende maatskaplike probleem in Suid-Afrika is, bestaan daar 'n groot behoefte aan die pakkies en min mense is bewus van die noodlottige, fisieke en emosionele impak wat verkragting op 'n persoon het.

Die leerlinge doen dus 'n beroep op die publiek om Tshepong Thu Thuzela te ondersteun en by die projek betrokke te raak. Die publiek kan die Nasionale Distrikshospitaal vir meer inligting kontak.

NIE 'n enkele geval van MIV-oordrag is met 'n bloedoortapping in verband gebring vandat die sensitiewe NAT-toetse ingestel is nie. Foto: Volksblad

Bloeddiens is seker van sy MIV-vrye bloed

25/5/2012
Blamnuus p.13

DIE Suid-Afrikaanse Nasionale Bloeddiens (SANBD) se produk, lewensreddende bloed, vloei letterlik in die are van elke Suid-Afrikaner. Hierdie nie-winsgewende maatskappy se besigheid is om lewens te red en pasiënte se lewensgehalte te verbeter deur daagliks genoeg veilige bloed aan meer as 3 000 Suid-Afrikaanse pasiënte te voorsien.

Bloedoortapping in Suid-Afrika is net so veilig soos in enige ander ontwikkelde land. Die SANBD word selfs beskou as een van die beste bloedoortappingsdienste ter wêreld.

Om 'n veilige bloedvoorraad te verseker, erken die SANBD eerstens dat pasiënte wat bloed benodig, die reg het om veilige bloed te ontvang. Volgens standaarde deur die wêreldgesondheidsorganisasie daargestel, word alle bloed in Suid-Afrika van vrywillige, onvergoede bloedskenkers ingesamel. Daar is bewys dat sulke skenkers die veiligste bloed het. Die bewys is ook duidelik uit die SANBD se bloedvoorraad.

Die huidige MIV-voorkoms onder die Suid-Afrikaanse bevolking is ongeveer 25%, terwyl dit slegs 0,2% onder bloedskenkers is.

Hierdie is 'n merkwaardige prestasie, veral as daar in ag geneem word dat Suid-Afrika waarskynlik een van die lande is wat die swaarste deur die MIV/vigs-pandemie geraak is.

In sy strewe na gehalte, het die SANBD in Oktober 2005 reeds Nukleïensuur-amplifikasietoetse (NAT) in werking gestel, wat 'n bloedoortapping veiliger as ooit gemaak het. Suid-Afrika is die enigste land in die wêreld wat individuele NAT-toetse op elke eenheid bloed wat ingesamel word op so 'n groot skaal doen.

Standaard-MIV-toetse toets die bloed vir die teenwoordigheid van teenliggame van die immuunstelsel, terwyl die NAT-metode lae vlakke van infeksie en die teenwoordigheid van die virus self kan opspoor.

Die NAT-metode verminder die risiko van oordag in die vensterperiode, wanneer virusse nie bespeur kan word nie.

Nie 'n enkele geval van MIV-oordrag is met 'n bloedoortapping in verband gebring vandat die sensitiewe NAT-toetse ingestel is nie.

Die SANBD is net so trots op sy skenkers soos op die gehalte van sy produk.

Bloedskenkers is die sleutel tot die veiligheid van bloed en bloedprodukte. Hul toewyding, eerlikheid en verantwoordelike gedrag verseker die veiligheid van die bloedvoorraad.

"Bloedskenkers is spesiale mense wie se harte warm klop vir ander. Hulle reik uit en gee iets van hulself, sodat ander kan lewe.

"Ons glo dit is die verantwoordelikheid van elke trotse Suid-Afrikaner wat aan die vereistes voldoen om bloed te skenk en die stille helde van ons land te wees," sê Pieter Venter, skakelpraktisyn van die SANBD in Bloemfontein.

Vir meer inligting oor bloedskenking, besoek www.sanbs.org.za, sluit jou aan by sy Facebook-blad (South African National Blood Service) of kontak die diens tolvry by 080-011-9031.

Bipolar Day goes online

p.2
Blamnuus 25/5/2012

TOMORROW is Bipolar Awareness Day and the South African Depression and Anxiety Group (Sadag) will be running a series of four online chats over three days to give South Africans enough time to have all their questions related to this mood disorder answered.

Growing in popularity and increasingly used for the expression of both positive and negative emotions, Facebook is easily accessible for many people who are already familiar with the way Facebook chat works.

Anyone with a question about bipolar disorder will be able to connect with psychiatrists and Sadag counsellors through the Sadag Facebook page.

Those living with this disorder, as well as their family, friends and loved ones, will have the opportunity to find out more about the symptoms of the disorder, how it is treated, medication, how to support someone close to them living with the condition and where they can find more information, support and clinical care.

Earlier this year, Sadag partnered with Facebook and became the official suicide prevention agency for South Africa.

This means that if any suicidal content is posted on Facebook by someone who lives in the country, concerned loved ones or even strangers can report this content via Facebook, which will ensure that Sadag's contact details are sent to the person identified and the NGO is also made aware of the posting.

"We have had a very positive response to this new suicide prevention tool and regularly contact South Africans who may be at danger of committing suicide," says Zane Wilson, Sadag founder.

Today, social media is the way millions of people connect and reach out to each other, often seeking help and advice, which is what makes Facebook such a powerful medium, perfect for reaching many South Africans this Bipolar Awareness Day.